

Al-Anon

Familiiegroepe

Kaap Area
Lonernuusbrief

September 2018

DIE 'JA, MAAR....' VAN TRADISIE VIER GAAN OOR LIEFDE.

Deur - Tom C., Associate Director—Literature.

Toe ek Al-Anon die eerste keer bygewoon het, was dit vir my 'n groot skok om te hoor dat daar in die program “geen reëls is nie”. Volgens my alkoholiese agtergrond, het ek verwag dat ander lede vir my sou sê wat om te doen, en hoe om dit te doen. In plaas daarvan het hulle gesê dat ek “my hart moet volg” en “dat ek dit wat ek nodig het, moet neem, en die res los”, en ook dat elke groep selfbesturend is.

Soos ek vertrouwd geraak het met ons Twaalf Tradisies, het ek besef dat daar 'n “ja, maar.....” verbonde is aan die selfbestuur van die groep, soos na verwys word in Tradisie Vier. (“Elke groep behoort selfbesturend te wees behalwe in sake waar dit 'n ander groep of Al-Anon of AA as geheel raak”.) Nakoming van die Tradisies het my gehelp om die waarskuwing te gehoorsaam dat ek geen skade mag berokken aan die program wat my so baie gehelp het nie.

Al-Anon het hierdie voorgestelde riglyne aangepas uit die swaarverdiende ervarings van die vroeë A.A.-groepe, sodat ons dieselfde slag-gate kon vermy wat hulle in die gesig gestaar het, en om te verseker dat Al-Anon voortbestaan. Terwyl “daar geen reëls in Al-Anon is nie” is daar 'n “ja, maar.....” ook aan daardie stelling gekoppel: “maar ons bly gehoorsaam aan die onafdwingbare”.

Ons mede-stigter, Lois W, het die term

“gehoorsaam aan die onafdwingbare” vir die eerste keer op die Tradisies toegepas in 1966, toe sy 'n hoofstuk daarvoor ingesluit het in die hersiening van ons eerste boek. Daar het sy geskryf:

“Al-Anon.... bly bymekaar deur middel van 'n liefdevolle begrip onder die lede. Al-Anon is verenig... deur die lede se bereidwilligheid om gehoorsaam te wees aan die die onafdwingbare.... Gewilliglik pas hulle die Twaalf Tradisies toe op die sake van die groepe. Niemand dwing hulle nie. Hulle leer om eiesinnigheid te bowe te kom, asook valse trots, griewe en selfbejammering, deur te herken dat beginsels belangriker is as persoonlikhede, en om 'n program te aanvaar waarop hulle vir hulp kan staatmaak” (The Al-Anon Family Groups – Classic Edition (B-5), bladsye 166-167).

In **LOIS REMEMBERS (B7)** beskryf Lois liefde as 'n herlewende krag, en op bl. 196 sê sy: “Ek besef nou om lief te hê is ons belangrikste op-drag.” Ek stem saam met haar, en glo werklik dat dit die liefde is wat ons program aan die lewe hou. Ek voel verplig deur my liefde vir die program om die Tradisies so goed moontlik te gehoorsaam. Sonder die liefde wat Al-Anon aan my verskaf, weet ek nie hoe en waar ek sou wees nie.

Herdruk met toestemming van Die Forum, Al-Anon Familiiegroep - hoofkantoor, Virginia Beach, VA. (Herdruk uit die Apr. 2018 uitgawe).

Ons 24-uur Hulplyn - 0861 25 26 66

